

Skriflesing: Eksodus 32:1-7; 15-16; 19-20; 30-34

Teks: **Eksodus 32:1**

Sing- **Ps. 104:1,4,5; Ps. 25:2,7; Ps. 18:1**

Eksodus 32:1-7

Exo 32:1 Toe die volk sien dat Moses vertoef om van die berg af te kom, het die volk rondom Aäron versamel en vir hom gesê: Kom, maak vir ons gode wat voor ons uit trek; want hierdie Moses, die man wat ons uit Egipteland laat optrek het, ons weet nie wat van hom geword het nie.

Exo 32:2 En Aäron sê vir hulle: Ruk die goue ringe af wat aan die ore van julle vroue, julle seuns en julle dogters is, en bring dit vir my.

Exo 32:3 Toe het die hele volk die goue ringe afgeruk wat aan hulle ore was, en dit na Aäron gebring.

Exo 32:4 En hy het dit uit hulle hand geneem en dit met die beitel bewerk en daar 'n gegote kalf van gemaak. Daarop sê hulle: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het.

Exo 32:5 Toe Aäron dit sien, het hy daarvoor 'n altaar gebou. En Aäron het uitgeroep en gesê: Môre is daar fees tot eer van die HERE.

Exo 32:6 En hulle het die ander dag vroeg klaargemaak en brandoffers geoffer en dankoffers aangebring; daarop het die volk gaan sit om te eet en te drink, en hulle het opgestaan om te speel.

Exo 32:7 Toe sê die HERE vir Moses: Gaan heen, klim af, want jou volk wat jy uit Egipteland laat optrek het, het verderflik gehandel.

Eksodus 32: 15-16

Exo 32:15 En Moses het omgedraai en van die berg afgeklim, met die twee tafels van die Getuienis in sy hand, tafels wat op altwee kante beskrywe was; hulle was op die een en op die ander kant beskrywe.

Exo 32:16 En die tafels was die werk van God. Die skrif was ook die skrif van God, in die tafels gegraveer.

Eksodus 32: 19-20

Exo 32:19 En toe hy naby die laer kom en die kalf en koordanse sien, het die toorn van Moses ontvlam, en hy het die tafels uit sy hande gegooi en hulle onder aan die berg verbrysel.

Exo 32:20 En hy het die kalf geneem wat hulle gemaak het, en dit in die vuur verbrand en dit fyn gemaal. Toe het hy dit op die water gestrooi en die kinders van Israel dit laat drink.

Eksodus 32: 30-34

Exo 32:30 En die volgende dag het Moses aan die volk gesê: Julle het 'n groot sonde begaan; maar nou sal ek na die HERE opklim: miskien kan ek vir julle sonde versoening doen.

Exo 32:31 En Moses het na die HERE teruggegaan en gesê: Ag, hierdie volk het 'n groot sonde begaan en vir hulle goue gode gemaak.

Exo 32:32 Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het!

Exo 32:33 Toe het die HERE Moses geantwoord: Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek.

Exo 32:34 Maar gaan nou en lei die volk waarheen Ek jou gesê het. Kyk, my engel sal voor jou uit gaan. Maar die dag as Ek besoeking doen, dan sal Ek hulle sonde oor hulle besoek.

Skriflesing: Eksodus 32:1-7; 15-16; 19-20; 30-34

Teks: Eksodus 32:1

Sing- Ps. 104:1,4,5; Ps. 25:2,7; Ps. 18:1

Dit gaan om Aäron , maar dit gaan ook veral om Moses. Broeder en suster, ons het nie maar net met 2 besondere mense te doen nie. Aäron is die priester, Moses is die profeet, hier is priester teen profeet, in werklikheid gaan dit om die wêreldkerk teen die kerk van die geloof. Ja, mag ons dit onderskei in wat die kerk van Aäron ons wys en wat ons in die kerk van Moses aantref.

Moses en Aäron, uit dieselfde stam, twee bloedbroers, veronderstel om so naby mekaar te wees, wat ons dan wel leer ken dat Aäron was die eerste werklik uitkenbare priester. In mense se oë tot groter vernuf in staat, die man met die gladder tong, hy praat makliker as Moses, hy dra 'n mooi stuk klere, 'n purpergewaad. 'n Geheiligde priester sou hy genoem kon word, ja die erekroon, die priesterskroon het mooi sy kop moes pas. Hy is die man wat moes sorg dat daar eredienste gehou moet word, die erediens wat voor God behoue moet bly. Moses is in wat ons hier sien die eerste profeet, aanvanklik was Moses eerste geroep, iemand wie se menswees hom tog in die steek kon laat, hy praat swaar, hy voel hom onbekwaam, tog is hy met die sware tong, die uitverkorene wat kneg van God moes word. God kyk nie na die mens om dan sy gawes te beoordeel, voordat God roep nie, nee hy is reeds geroepe gewees en selfs die die gebrek aan gawes kon nie die roeping rojeer nie.

Nou waar staan Moses en Aäron in wat ons in hierdie besondere hartseer Eksodus 32 lees, wat veronderstel was om so 'n mooi hoofstuk in Israel en in die ware kerk se geskiedenis te wees. Die mooi van God se heerlikheid, God se vinger wat Self geskryf het, God se heiligheid wat dié hele diskoers moes aandui, waar is dit alles heen?! Wat maak die kerk met Wie God is en wat God van ons verwag. Dit moet die brandende vraag wees wat hierdie preek die hele tyd moet aan die brand steek.

Moses is daar waar die ander mense nie kon wees nie. Eers moes hy op die berg wees, met die volk, die kerk van daardie tyd aan die voete van die berg. Moses is alleen hierdie berg uit en dit was verskriklik om so in die teenwoordigheid van die lewende God te kom. Dit gaan om dit waaroor God so ernstig is, sy Wet. Dit blits en dreun, dit gaan om die verbond wat wetmatig in

vaste lyne sy bestel moet kry, want die mens het die lyne, het die verbande, het die betekenis, het die wil van God hulle harte uitgegee. Moses is daar waar dit verskriklik moes wees nie ter wille van homself nie, maar ter wille van wie hy daar teenwoordig. Om die Wet namens sy volk in ontvangs te neem.

Nou is hulle wat veronderstel was om die ware kerk te wees, die kerk wat in afwagting moes uitsien na wat God daarbo hulle lewe gaan indra geen oomblik buite sig nie. Hulle priester Aäron is met hulle, hy wat aan God moet kan offer, wat die kerk in die ware offer moet lei. Dit is die skok wat ons hier nie kan verbygaan nie. Hier kom twee kerke na vore, waarvan nie beide die ware kerk kan wees nie. Daar is net één ware kerk en waar is dié op daardie oomblikke?! Was dit die Moseskerk, of die Aäronskerk, die kerk van die woord, of die kerk wat ons gerus nou maar kan begin noem die kerk van die wêreld.

In die besef dat daar net een ware kerk kan wees, is die kerke besig om baie duidelik in 'n botsing op mekaar af te stuur. Die diepste redes, die werklike vesel van kerk-wees moet in die gedeelte ontrafel word. As Moses daarbo saam met God is dan is hy nie uit sy eie daar nie, God het hom daarheen geroep. God wil met hom praat. Ja, Israel, sy volk het geweet dit is wat gebeur het. Hy het geweet daar waar hy na God moes gaan, daar sal hy in hulle plek moet praat, moet pleit, moet veg, moet ly.... moet bid. Al het hy geen besondere kledingstuk wat hy daar kon opdra nie, al was hy alles behalwe die priester, hy gaan teen die berg op eintlik as 'n persona non grata, iemand sonder aansien, sonder iets wat hy kan aanbied, want wat het hy wat hy kon aanbied. Niks, werklik niks! Hy is maar net die kneg wat op God se Woord moet wag. Dit is wat hom die diepste raak, die Woord van God, dit is wat hom die seerste maak, juis as di Woord nie gehoor word nie. Die kerk van die Woord is wat daar teen die berg moes uit.

Tog het sy volk, die kerk wat hy gedink het daaronder sal wag, wat vir 'n oomblik die kerk van Aäron sou word, die kerk is nie kerk van die Woord nie, want hulle is 'n kerk wat nie kan wag nie. Hulle is ongeduldig, waar bly Moses so lank, waarom kom hy nie terug nie, ons sien hom nie meer nie, ons glo selfs dat hy verdwyn het, *ons weet nie wat van hom geword het nie...* dit is die verskriklike waartoe hierdie kerk tot hulle eie slot wou aanvaar.

Dieselfde vraag wat ons in groot omsigtigheid moet hanteer geld vandag nog net soveel. Die kerk wat hier rondom Aäron wou skuilhou, is dieselfde kerk wat vandag vingerwysend na die kerk van die Woord wil wys en vra maar waar is julle lewe. Ons sien nie dat julle eintlik iets bereik nie. Ja, julle as kerk is dood. So het die mense oor Moses ook gedink dat hy dood is en niemand weet in alle geval wat van hom geword het nie.

Geliefdes, daar is geen oorweging aan dit wat die ware kerk eerste moet stel nie. Om te besef dit is God wat Moses teëhou. Nie hyself wat uit eie wil en keuse so lank vertoef nie. God wil hom nog meer bekendmaak daarom hou God hom terug. Is dit werklik deel van wat ons vandag oor die kerk in ons tyd moet glo dat die kerk van die woord maar net na God moet luister. God het vir die kerk nog veel meer te sê as wat ons dink. Wie voel hy kan nie meer wag nie, die een wat voel die kerk moet losbreek uit sy isolasie, daar moet meer gefokus word op wat die wêreld van die kerk verwag, daarom soveel ongeduld as dit die ware kerk aangaan. Niemand oorweeg dit eers in die besef God het ook die tyd nodig om met sy profeet, in die geval Moses, ja met sy kerk te vertoef.

Ons moet nie dink dit is net Moses wat die kerk bo-op Sinai en die kerk aan die voet van Sinai moes onderskei nie. Is die ware kerk bó Sinai die blitse en die gedreun gespaar, nee broeder en suster. Die kerk wat in angs en bewing moet bly staan teen die kerk wat aan die voet van die berg nie meer kerk genoem kan word nie. Hulle kan nie meer wag nie. Terwyl 'n baie belangrike saak, selfs mag ons dit noem 'n belangrike kenmerk van die kerk moet wees dar dit bereid is en in staat moet wees om te wag. Tog as daar gevra word vir wie moet die ware kerk op aarde sy stryd voer dan moet dit wees juis vir hulle daar aan die voet van die berg, vir die kerk van die wêreld.

Nou word dit al duideliker die twee kerke, die kerk rondom Aäron, die kerk in Moses, hoe dit heeltemal verskillend kerk sou wees. Die kerk van die priesters wil iets sien. Hulle is nie meer bereid om te wag nie, maar 'n tweede dryfkrag vir hierdie valse kerk is hulle wil dit laat sien wie ons is, watter tipe kerk ons is. Ons moet kan indruk maak. Daarom handel hulleself, spring aan die werk dit wat God en die profeet Moses nie kon doen nie. Daarvoor sal ons die priester gebruik, daarom is ons kerk wat nie meer op ons sal laat wag nie. Aäron moet begin doen

waarvoor hulle saam met hom glo hy daartoe geroep is. Sorg vir 'n erediens. Jy is die priester, jy is dit aan ons verskuldig. Dalk het Moses en God ons verlaat maar ons het wel ons god nodig. So maak die mens vir homself gode waar hy voel hy is magteloos om die lewende God te dwing. Dit klink eintlik so vroom en opreg om te erken maar ek het 'n god nodig. Ek kan nie daarsonder nie. Religie is vir my die lewe. Hulle wat nie sê weg met die gode nie, intendeel gee ons meer... Hulle jaag ook nie die priester weg nie, trouens hulle pleit by hom dat hy nou sy amp moet verrig soos hulle die behoefte daaraan het. Sorg dat ons godsdiens vir ons behoue bly, gee ons 'n erediens. Hoe die kerk voor Aäron staan verbaas ons nie baie nie, want ons ken hierdie kerk. Hoe is ons baie keer deel hiervan, sien hoe kerk-wees gaan om priesters en godsdiens, maar sonder die ware God!

Die man van die amp, Aäron, hy het maar toegegee. Dit wat die volk van sy amp verlang, dit doen hy. Hulle ongeduld, hulle daadkrag, hulle vrome geesdrif laat hom meevoer. Hy nooi hulle uit dat hulle moet offer. Bring julle kosbaarste, julle mooiste, maak vir julle 'n god wat julle kan sien, 'n god wat met julle kan saamtrek, 'n god wat julle nie sal verlaat nie. Ja, ons moet hom mooimaak, selfs mooier as die één wat ons verlaat het. Die mense is in getalle daar, elke een bring hulle kosbare offergawe om hulle eie godebeeld reg te kry. Dit word 'n angswekkende mensekerk as die geesdrif en die menselewe tot gloeiende massa aangehits kan word om dan hulle simbool vir kerk-wees, hulle goue kalf uit die stof van die aarde te laat opstaan, maar ook die stof van goud en silwer en kosbare gesmelte chemie te laat oprys.

Geliefdes, dit tref ons dat moenie dink die wêreldkerk is nie bereid tot offers nie. Jy sal jou verbaas wat hulle alles kan opoffer. Hulle hou van sulke offers waarin hulle eintlik hulleself in kan verheerlik. Hulle eie werk kan aanbid. Die kerk voor Aäron herrys is tot die hoogste offers bereid as hulle tog maar net hulle eie god kan skep. Dit is darem vir hulle soveel makliker om vir hierdie god te offer, as om te wag en 'n offer vir die ware God op die wyse wat God verlang te bring.

Die wêreldkerk sou gou tevrede voel, ons het ons doel bereik, ons het ons god gebring, die vuur wat al die kosbaarhede kon saamsmelt het ook alreeds weer sy hitte verloor, maar hulle god wat hulle gemaak het, dit is die een wat nou hulle harte laat brand. Die priester met sy pragkleed het

sy mag bewys, sy deel gedoen, almal voel nou so tevrede. Hulle val voor hulle god neer, met hulle eie krag gebou, deur hulle eie offers tot stand gebring. Beter kan dit nie vir die wêreld nie, die wêreldkerk het nou ook sy eie god. Kom ons dien hom wat uiteindelik die werklikheid voor ons bring en ons kan sigbaar ons vreugdes en emosies beleef. Hulle glo die werklike een wat hulle nou uit die gevangenskap gelei het, is hier voor hulle.

Dit is alles behalwe wat die kerk is. As Moses daardie berg afkom en hy moet aanskou wat die mens gedink het, wat die mens gedoen het, dit wat hulle meen goed te doen, dan het hy nog daardie tafels van die Wet in sy hande. Hy wat profeet moet wees, wat die woorde dra van die God wat Self met sy vinger daarop geskryf het- *Ek is die Here jou God... naas My geen ander God nie*. Die verskriklikste gebeur in die hande van die ware kerk, in 'n oomblik se tyd lê die tafels van die Wet stukkend gegooi, maar daardie beeld wat die volk gemaak het, moes dadelik ook stukkend. Dis opgebreek, fyngemaal, verbrand. Die einde van die wêreldkerk. God het dit bewerk. Hy wat God is, Hy bly die Here.

Waar God se Woord verskyn kan die wêreldkerk nie standhou nie. Ons besef hoe maklik kom die wêreld die kerk in, hoe maklik word dit 'n wêreldkerk, daar is aanmekeer die dinge wat mee gebreek moet word, soos daardie beeld fyngemaal, afgebreek moes word. Dit is vir die ware kerk om elke dag die Here dit vir ons te hoor sê- *Ek is die Here jou God, EK IS DIE ENIGSTE...* Dit is wat ons as kerk in hierdie tyd moet onderskei. Moet nie 'n ongeduldige kerk word nie, wees 'n kerk wat bereid is om te wag, ook te wag op God se tyd, die kerk van die Woord, die kerk van nugtere geloof, die kerk wat nie homself verafgod nie, maar die enigste ware lewende God wat aanbid moet word.

Ja, u besef na die Wet stukkend was, het Moses daardie berg weer teruggeklim. Nou sal Hy vir sy volk pleit. Hy sal homself as offer vir sy volk wil gee. Verwerp my, moet nie hierdie volk verwerp nie. Ek en hierdie volk is eintlik een. Ja, Moses het homself wou gee, maar hy is nie die Een wat die ware versoening kon bring nie. Dit kon net Een doen. Hy wat nie eenkant Profeet en nie Priester kon wees, of wat Priester kon wees, maar nie Profeet nie. Alleen net Hy, Profeet en Priester tegelyk, alleen Hy kon ware versoening tot stand bring. In Hom val die wêreldkerk plat, want is Hy die lewende Woord, die ware Kerk is sy liggaam. In Hom lewe die

kerk, want Hy lewe. Ons aanbid nie sy kruis nie, maar ons besef wat Hy gedoen het aan die kruis, dit maak die verskil. Tegelyk is ons voor Hom skuldig, maar ook begenadig. Hy wat alleen God is en geen ander nie, ons moet in Hom die ware Kerk na vore bring. Ons wat in onself maar tegelyk wêreldkerk, ware kerk na vore bring, ons moet aan die kruis dit kruisig wat die wêreldkerk ons mee wil meesleur en laat ons besef, ons God, sal ons lei, Hy sal ons die regte wegwys, in 'n tyd, op 'n pad, in omstandighede waar die dinge van die wêreld die ware kerk in baie opsigte wil belaglik maak en wil wysmaak ons lewe lê in onself en ons hoef nie meer te wag nie. Wie nie kan wag nie, is nie kerk nie. Is dit nie maar die finale toon aan die voet van die berg wat raak getrap sou word nie.

AMEN